Ek Weet (a)

Graad 1

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Toe te rus om met kennis en vaardigheid in onbekende- en risikosituasies korrek en met selfvertroue op te tree.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Weet hoe om ‘n telefoon en selfoon te gebruik.
2. ‘n Boodskap van ongeveer 20 woorde korrek kan oordra.
3. ‘n Snywond en skaafwond kan behandel.
4. Weet hoe om ‘n muurprop veilig te hanteer.
5. Sy huisadres en telefoonnommer ken.
6. Bewus wees van die gevare om sy persoonlike besonderhede aan ander te gee.
7. Sy ouers se werknommers / selfoonnommers ken.
8. Weet wat om te doen as die persoon wat hom moes kom oplaai, nie opdaag nie.
9. Vyf wenke ken hoe om homself op straat of in ‘n winkelsentrum te beveilig.
10. Meedoen aan ‘n geselsie oor: “Jy mag NEE sê.”
11. Die pad van die skool na sy huis ken en kan verduidelik.

C AANBIEDING

1. Vereiste 1/7/9/10. Dit kan afgehandel word met praatjies of deur vrae te stel. Skep geleenthede vir elke kind om deur demonstrasie en rolspel met die situasies vertroud te raak. Hierdeur leer hulle die korrekte optrede en sal selfvertroue opgebou word.
2. Vereiste 5 en 7. Kontroleer die korrektheid van die inligting en laat die kind ‘n kaartjie maak wat gelamineer word vir gebruik.
3. Vereiste 6/8/9/10. Vertel aan die kinders wat gedoen en nie gedoen moet word nie. Maak gebruik van kundiges soos die Maatskaplike werkers om met die kinders te kom gesels oor veiligheid tuis en op straat. Oefen ook die verskillende situasies deur rolspel en demonstrasies.
4. Vereiste 2/3/4. Gee inligting deur demonstrasies en laat elke kind dit oefen.
5. Vereiste 11. Laat die ouer aanwysings aan offisier gee sodat offisier kan kontroleer dat die kind die padaanwysings na sy huis ken OF laat die kind saam met ‘n volwassene in die motor ry en die pad na sy eie huis beduie.